

**19 Februarie**

Skriflesing: Rigters 17  
Fokusgedeelte: Rigters 17:6

## Eiewilligheid lei tot verderf

Elkeen kan maar maak soos hy wil, en ek sal die Here dien soos ék wil. Dit hoor ons dikwels en dit is tipies van die postmodernistiese denksisteem wat vandag heers.

So het dit ook meermale in Israel se geskiedenis gebeur dat elkeen gedoen het wat reg is in sy eie oë (vgl. vs 6b en Deut 12:8). In die tyd van Miga (Rigt 17) word dit toegeskryf aan die afwesigheid van 'n koning wat kon leiding gee oor wat die Here wil hê. Die gevolg hiervan was grootskaalse afgodery en onreg. Miga het die Here op 'n eiewillige manier gedien en daarmee probeer om die Hom te manipuleer. Maar so wil die Here nie gedien wees nie, en mettertyd word Miga van sy afgode en sy priester deur die Daniete beroof. Sy godsdienstige pogings was tevergeefs.

So gaan eiewilligheid in ons diens aan die Here ook vandag niks beteken nie. Ons kan dikwels dinge doen wat baie vroom lyk, maar uiteindelik geld die vraag of dit in gehoorsaamheid aan God gedoen is. Mense sê dat hulle verhouding met die Here gesond is, maar dat hulle die kerk, wat deur die Here ingestel is, nie nodig het nie. Jy is dalk elke Sondag in die kerk, maar pleeg onreg teenoor iemand vir jou werk of loop by party mense in nood verby. Partykeer doen ons dalk goed om daardeur vir onself roem en eer in te oes. Die toets vir ons diens aan die Here is nie net dat ons iets doen wat godsdienstig lyk nie, maar veral hoé ons dit doen en hoé ons lewe. Volgens Matteus 7:21 sê die Here Jesus: "Nie elkeen wat vir my sê: Here, Here, sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is."

In die proses om die wil van sy Vader te doen moes Christus sy lewe prysgee om ons van ons sonde, ook die van eiewilligheid, te verlos. Deur die krag van sy Gees wek Hy ons op om nie eiewillig te wees nie, maar gewillig te buig voor die Woord van God en sy navolgers te wees.

Sing: Psalm 40:4 (Totius)

Ds JB du Plessis (Grootfontein/Tsumeb)